HOËRSKOOL CENTURION
WOERIE-KAMPUS

Omsendbrief 73/24 11 Oktober 2024

Geagte Graad 8-ouers

GRAAD 8-BEMAGTIGINGSKAMP

Die graad 8-bemagtigingskamp het uiteindelik aangebreek. Ons is baie opgewonde oor die impak wat dit op ons individuele leerders, maar ook op die graadgroep as ‘n geheel gaan hê. Baie dankie dat u u kind ondersteun om op die kamp te gaan.

Die kamp beoog om inspraak in ons nuwe leerders se lewens te lewer in ‘n tyd waarin hulle ‘n nuwe fase in hul lewens begin. Graad 8 is ‘n fase wat met onsekerheid, maar ook ‘n gebrek aan vaardighede gepaard gaan om hierdie onsekere tyd met entoesiasme en selfvertroue aan te durf. Ons glo dat die kamp ‘n wesenlike invloed op elke leerder se lewe sal hê.

Kampbenodigdhede:

- Beddegoed: Slaapsak/paslaken/duvet/kombers(e) en kussing.
- Handdoeke: Stort en waterspele.
- Toiletware: Seep, sjampoe, waslap, tandeborsel, tandepasta.
- Klere: Insluitend een stel ou klere (weggooibaar), skoene (ook vir stap), hoed/pet, warm baadjie/trui, swemklere (geen bikini’s).
- Eetgerei: Papbakkie, bord, beker (alles verkieslik plastiek), lepel, vurk en mes (geen skerp messe nie), vadoek, opwaslappie.
- Ander: Waterbottel (alle water op die terrein is skoon en drinkbaar), sonskerm, muskietafweermiddel, flits, vullissak vir nat klere.
- Medikasie: Persoonlike medikasie moet by die graadhoofde ingehandig word. Graadhoofde moet bewus van enige voorskrifmedikasie wees.
- Snoepie en geskenkwinkel: Slegs kontant.
- Vrywaring: Die skool se Google-vorm, asook die kampterrein s’n.

Los die volgende by die huis:

- Sigarette en damprook (*vapes)* – skoolreëls geld op die kamp.
- Alkohol en hommeltuie (*drones)*.
- Selfone – dit is slegs vir twee dae wat ons wil hê dat leerders as ‘n span op mekaar moet fokus.

Vervoerreëlings:

- Vertrektyd: Sondag, 12 Januarie 2025 om 08:30.
- Arriveer terug by Hoërskool Centurion: 14 Januarie 2025 om 11:30.
- Plek: Wag ‘n Bietjie Kampterrein, Olifantsfontein.

HOËRSKOOL CENTURION
WOERIE-KAMPUS

BELANGRIK:
Indien u kind nie kan swem of waterveilig is nie, **moet u dit skriftelik by die graadhoofde (sien e-posadresse hieronder) voor Vrydag, 13 Desember 2024 aanmeld.** Neem asseblief ook kennis dat daar ‘n hindernisbaan is waaraan die leerders gaan deelneem. Daar is fasiliteerders wat elke aktiwiteit monitor en toesig hou. Die personeel glo in veilige en betroubare toesig gedurende die kamp.

Alhoewel daar ‘n swembad is, gaan die leerders nie toegelaat word om te swem nie. Hulle gaan wel aan wateraktiwiteite deelneem.

Kampkoste beloop R1400 per leerder. U is welkom om die kampgeld maandeliks oor drie maande af te betaal om dit meer bekostigbaar te maak.

Die skool se bankbesonderhede:
Standard Bank Centurion
Rekeningnommer: 012357499
Takkode: 012645
Verwysing: 0947/001 Leerder se van, voorletter
Stuur asseblief bewys van betaling aan: finansies@hscenturion.co.za

Op die Algemene Jaarvergadering is die resolusie goedgekeur dat leerders nie op kampe mag gaan as hulle skoolgeldbetalings nie opdatum is nie. Om op die kamp te gaan, **moet die kampgelde van R1400 sowel as die R2000 aanvangsheffing voor einde Desember 2024 betaal wees**.

Hierdie is ‘n verpligte kamp vir elke graad 8-leerder. Hierdie kamp vorm deel van ‘n baie groter ontwikkelingsplan vir ons Hoërskool Centurion-leerders waarvan ons u later meer sal vertel.

Ons poog om die volgende reg te kry voor die skool begin:

- Om die leerders gemaklik met hulle leerlingraad wat vir hulle verantwoordelik is, te maak.
- Om die registerklaspersoneel te leer ken.
- Om die leerders aan die skool en sy kultuur voor te stel.
- Die leerders moet nuwe vriendskappe smee en verhoudings in hulle nuwe klasse begin.
- Om eenheid te skep onder die groep wat uit baie verskillende laerskole kom.

Die Onderwysdepartement versoek dat elke toer, wat deur 'n skool onderneem word, eers deur hulle goedgekeur moet word. Die aansoek vereis 'n verskeidenheid dokumente wat voltooi moet word. Ons het reeds al die dokumente op ons databasis beskikbaar, maar wil graag vra dat u die volgende vorm so gou moontlik sal voltooi: https://forms.gle/jhffWcUYDQfVaaRHA

Wag ‘n Bietjie Kampterrein het hulle eie vrywaringsvorm wat u ook asseblief moet voltooi.

HOËRSKOOL
CENTURION
WOERIE-KAMPUS

Ons sien baie daarna uit om saam met u kind hierdie wonderlike geleentheid by te woon. Indien u enige navrae het, is u welkom om u graadhoofde te kontak.

Me. R. Heyns: r.heyns@hscenturion.co.za
Mnr. E. Terblanche: e.terblanche@hscenturion.co.za

Woerie-groete.

MNR. A. LABUSCHAGNE
HOOF